LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

25-07-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 24 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

Klipkerk hou vanjaar Basaar op Saterdag, 30 Julie 2016.

1 **REVUE**:
Onthou asb om die revue gelde van R150 per leerder in te betaal by die register-onderwysers. Ons revue vind plaas vanaf 17-21 Oktober. Kaartjie verkope begin eers 19 September 2016.

2 **KRIEKET:**
Wedstryde:

26 Julie	0/13 A - Tuis	AG Visser
	0/13 B - Weg	AG Visser
28 Julie	0/11 A - Tuis	AG Visser
	0/11 B - Weg	AG Visser

3 **BYBELVASVRA:**
Die Bybelvasvra vind plaas op 17 Augustus 2016.

4 **KULTUURAAND 2017:**
Kultuuraandvergadering vanaand, 25 Julie om 18:00 in die personeelkamer.

5 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**
Alle Suikerbosrand Eisteddfod uitslae moet asb vir juf Helanie kom wys word om op te skryf. Moet nie vergeet nie, dit bepaal knopie- en kultuurpunte.

6 **VOLKIE SNOEPIE SPYSKAART:**

Leerders moet asb 'n bestelvorm by die snoepie gaan haal, indien hulle belangstel.

WEEK 25-29 JULIE 2016			WEEK 1-5 AUGUSTUS 2016		
Maandag	Hoender hamburger	R15	Maandag	Hoender nuggets & chips	R15
Dinsdag	Maalvleis stirfry & rys	R15	Dinsdag	Hamburgers	R15
Woensdag	Jaffels	R15	Woensdag	SKOOL GESLUIT	
Donderdag	Boerewors en pampoentert	R15	Donderdag	Mieliepap & wors	R15
Vrydag	Pizza	R10	Vrydag	Pizza	R10

Stuur asb u bestelling Maandagoggend met die regte bedrag saam met u kind skool toe. Ons moet vroegtydig voorsorg tref sodat daar die regte getal kos kan wees. Daar sal wel elke dag 'n ekstra kossie wees vir kinders wat later besluit om te bestel. U kind sal 'n koepon ontvang vir die dae se bestelling wat hul moet oppas en dit dan ingee om bestelling te ontvang.

7 **SKAAK**:

Belangrike skaak inligting vir die kwartaal:

Alle spelers moet asb deelneem (sover moontlik) aan die laaste skaak toernooi vir die jaar in ons streek te Laerskool Eligwa, Saterdag 30 Julie. Alle navrae kan gerig word aan Mnr Bennie Boshoff, kontak nr: 076 594 9171. Inskrywingsvorms is beskikbaar by Juf Monique en ook op die webwerf van sedchess.co.za.

Die Sedibeng Skaak Liga Finaal vir die o/13 span vind plaas op Vrydag, 12 Augustus te Dr Malan, Meyerton. Die Gauteng Liga Finaal vir die o/9 en o/11 spanne vind plaas op Vrydag, 19 Augustus te Waterkloof, Pretoria. Briewe met alle belangrike inligting rakende hierdie twee datums en reëlings sal later aan spelers uitgegee word.

Skaak oefening:

Maandae: Juniors 15:00 – 15:45 (25 Julie – Gr 1 en 2, 1 Augustus – Gr 2 en 3, 15 Augustus – Gr 1 en 3)

Woensdae: Seniors en liga spelers 14:30 – 15:30

8 **BLOEDSKENK**:

Kom ondersteun ons asb met bloedskenk op Saterdag, 30 Julie vanaf 08:00 tot 14:00 by die Klipkerk.

9 **SEKURITEIT BY DIE SKOOL:**

Geen ouers word in skooltyd tussen die klasse toegelaat nie.

Slegs die Graad 1 hekkie sal oopgemaak word vir die juniorleerders om te verdaag. Ouers kan dan in die parkie wag vir u kind.

Alle ouers moet by die Ontvangskantoor aanmeld.

10 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Hier is die **program** vir die Heidelberg Eisteddfod, elke leerling sal ook 'n individuele briefie ontvang met hul spesifieke tye voor of op Vrydag. Kyk asb mooi of elke deelnemer se items waarvoor hul ingeskryf het almal op hul briefie is, as enige iets uitgelaat is laat weet asb vir juffrou Helanie so gou as moontlik sodat dit reggestel kan word. Meeste sessies begin 14:30 behalwe die kore wat 13:00 sal begin maar in ons eie skoolsaal plaasvind. Alle deelname in netjiese skooldrag/koordrag met uitsondering drama-items, sekere poësie items, modelwerk en dans.

Alle **kunsstukke** moet asb voor/op **Vrydag, 22 Julie** by Juffrou Helanie ingehandig word. Maak asb seker jou Naam, Graad en Skool is agterop geskryf.

Alle **uitslae** moet sommer die dag na jou deelname asb vir Juffrou Helanie kom wys word

sodat dit opgeskryf kan word vir knopiepunte en kultuurpunte. Die uitslae bepaal ook of jy dalk uitgenooi word om deel te neem aan die Kultuurkonsert op 25 Augustus. Indien jy nie jou uitslae betyds bring nie sal jy **nie** in ag geneem word vir die Konsert nie. Bring veral die klein papiertjie waarop jou simbool en persentasie en kommentaar aangebring word asb. Alle uitslae by Juffrou Helanie **voor/op Vrydag, 18 Augustus**

Maandag 25 Julie Saal **Public**: Prosa, Prose & Dialoë **Lokaal 1**: Liriese Poësie/Lyrical Poetry **Lokaal 2**: HPS Vrgeskr Poësie/Prescr Poetry	**Dinsdag 26 Julie** **Saal:** Verhalende Poësie/Nar Poetry **Lokaal 1:** Vrgeskr Poësie/Prescr Poetry **Lokaal 2**: HPS Prescribed Poetry	**Woensdag 27 Julie** **Saal**: nar poetry;verh prosa;prosa;dialogues,scenes **Lokaal 1:** Voorgeskr Poësie, Limerieke, Liriese & Bybel Prosa (Eng/Afr) **Lokaal 2**: HPS Prescribed Poetry	**Donderdag 28 Julie** **Saal:** Drama **Lokaal 1:** Liriese Poësie & redenaars **Lokaal2:** Prescribed poetry	**Vrydag 29 Julie** **Saal**: Modelwerk & Monoloë **Lokaal 1:** Liriese poësie & redenaars	**Saterdag 30 Julie** ***Oggend en middag*** **Saal:** Alle dans afdelings
Maandag 1 Aug Geen agv saal nie beskikbaar (verkiesing)	**Dinsdag 2 Aug** Geen : saal nie beskikbaar	**Woensdag 3 Aug** Verkiesingsdag	**Donderdag 4 Aug** **13:*00 Laer Volkskl*** ***Saal*:** Kore ***Suikerbosrand NG Kerk (Unie str):*** Instrumentaal ***Public:*** **Saal:** klassieke en ligte vokaal (sang) **Lokaal 1:** Spraak **Lokaal 2:** Kreatiewe skryfkuns	**Vrydag 5 Aug** **Public Saal:** Klassieke, ligte vokaal en instrumentaal (sang) **Lokaal 1**: spraak	**Saterdag 6 Aug** ***Oggend saal:*** Drama **Middag saal**: Ligte vokaal (sang)

11 **KOOR**:

- Daar is Junior kooroefening soos normaal op Maandag vanaf 13:15 - 14:00.
- Die Senior koorlede moet almal by Woensdag se kooroefening wees vanaf 14:00 - 15:45 (Ons mis weer oefening op Verkiesingsdag)! GEEN VERSKONINGS WORD AANVAAR NIE!

Datum om te onthou: **Donderdag, 25 Augustus** is ons Kultuurkonsert en ook die Koor-Afsluiting konsert in een. Dit sal gehou word soos 'n gewone konsert, nie met aansit-tafels omdat dit ons revue jaar is. Kaartjies beloop R10 per sitplek en sal by die deure verkoop word deur ons Koor Prefekte Koor Graad 7 groep. Leerders wat deelneem aan die kultuurkonsert sal 'n individuele uitnodiging ontvang (deelname word gebaseer op Heidelberg Eisteddfod uitslae), Kore neem ook deel.

12 **LIEWE HEKSIE VERTONING:**

Hoër Volkskool Heidelberg bied op 1 September om 10:00 'n Liewe Heksie vertoning aan. Die kaartjies beloop R60 per kind en R100 per volwassene, beskikbaar by Hoër Volkskool. Ouers is self verantwoordelik om hul kinders uit te teken en terug te bring na afloop van die vertoning. Belangstellendes moet asseblief die vorm wat die oudste en enigste gaan ontvang, voltooi en terugstuur voor of op Maandag, 1 Augustus 2016.

13 **LANDLOOP**:

Oefening is Maandae, Dinsdae en Donderdae van 15:00 - 16:00.
Volgende byeenkoms is 29 Julie by Laerskool Sonlandpark in Vereeniging.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF